# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

**OF SOUTH WEST AFRICA.**

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

*UITGAWE OP GESAG.* **VAN SUIDWES-AFRIKA.** *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Saturday, 22nd November, 1952. WINDHOEK Saterdag, 22 November 1952. No. 1729.

CONTENTS

| GOVERNMENT NOTICE— | Page |
|---|---|
| No. 2693 (Union). Air Navigation Regulations, 1950: Amendment. . . . | 3646 |

INHOUD

| GOEWERMENTSKENNISGEWING— | Bladsy |
|---|---|
| No. 2693 (Unie). Lugvaartregulasies, 1950: Wysiging. . . . . . | 3646 |

## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 2693 (Union).] [21st November, 1952.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in terms of section *three* of the Aviation Act, 1923 (Act No. 16 of 1923), as amended, of the following amendments to the Air Navigation Regulations, 1950, as amended:-

SCHEDULE OF AMENDMENTS.
(No. 6.)

1. The substitution of the following for the proviso to paragraph (b) of regulation 2. 1:

"Provided that this paragraph shall not apply to —

(i) any aircraft which is engaged on a test flight, for the purpose of the issue or renewal of a certificate of airworthiness relating to it, within a radius of ten miles from the aerodrome or point at which the aircraft took off on such test flight; or

(ii) any aircraft which the Commissioner for Civil Aviation has, subject to such conditions as he has deemed fit to impose exempted in writing from the requirements of this regulation;".

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 2693 (Unie).] [21 November 1952.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens artikel *drie* van die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, onderstaande wysigings van die Lugvaartregulasies, 1950, soos gewysig, goed te keur:—

LYS WYSIGINGS.
(No. 6.)

1. Vervang die voorbehoudsbepaling van paragraaf (b) van regulasie 2. 1 deur die volgende:

„Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op —

(i) 'n lugvaartuig wat binne 'n omtrek van tien myl van die vliegveld of van 'n punt waar die lugvaartuig op 'n proefvlug opgestyg het, met so 'n proefvlug besig is met die oog op die uitreiking of hernuwing van 'n lugwaardigheidsertifikaat ten opsigte daarvan; of

(ii) 'n lugvaartuig ten opsigte waarvan die Kommissaris van Burgerlugvaart, behoudens die voorwaardes wat hy goed ag om op te lê, skriftelik vrystelling van die bepalings van hierdie regulasie verleen het;".

2. The addition of the following at the end of paragraph (b) of regulation 2. 8:

"and that all cargo or baggage carried in the aircraft is properly stowed and secured;".

3. The substitution of the words "safety harness" for the words "the prescribed safety belt or harness" in regulation 2. 15 and the insertion of the words "harness or" after the word "safety" where it occurs for the second time in that regulation.

4. The insertion of the words "except as provided in paragraph (a) or (b) of regulation 2. 1" after the word "who" in regulation 3. 2 and the insertion of the words "valid certificate" after the word "and" in that regulation.

5. The deletion of the proviso to regulation 3. 10.

6. The insertion of the words "and which is operated under any one or more of those categories" after the word "categories" where it occurs for the first time in paragraph (1) of regulation 9. 3.

7. The substitution of the word "conformity" for the word "confromity" in sub-paragraph (a) of paragraph (1) of regulation 9. 6.

8. The addition of the following at the end of sub-paragraph (b) of paragraph (1) of regulation 9. 6:

"or by an aircraft maintenance engineer appropriately licensed under category X.".

9. The substitution of the word "or" for the word "and" in sub-paragraph (c) of paragraph (1) of regulation 9. 6.

10. The substitution of the word "conformity" for the word "confromity" in sub-paragraph (c) of paragraph (1) of regulation 9. 6 and the addition of the words "or which have been approved for use by the Commissioner for Civil Aviation" at the end of that sub-paragraph.

11. The insertion of the words "or by an aircraft maintenance engineer appropriately licensed under category X" after the word "licence" where it occurs for the second time in paragraph (3) of regulation 9. 6.

12. The substitution of the following new regulation for regulation 9. 12:

"TEST FLIGHTS.

9. 12. (1) For the purpose of issuing or validating or renewing a certificate of airworthiness or after any major modification to an aircraft, test flights shall, if required by the Commissioner for Civil Aviation, be carried out in that aircraft under such conditions as he may impose and in such manner as he may require.

(2) Except with the approval of the Commissioner for Civil Aviation no passenger, goods or mail shall be carried for reward in any aircraft undergoing test flights.".

13. The insertion of the following new sub-paragraph after sub-paragraph (d) of paragraph (1) of regulation 10. 15:

"(e) act as pilot of an aircraft carrying passengers.".

14. The insertion of the following new sub-paragraph after sub-paragraph (b) of paragraph (3) of regulation 10. 15:

"(b) *bis.* if he is the holder or has been the holder of an instrument rating, to act within the Union as pilot-in-command in scheduled commercial air transportation of any aircraft having a gross weight not exceeding 12,500 lb. (5,700 kilograms): Provided that a commercial pilot shall not exercise this privilege under IFR conditions or by night unless he is the holder of a valid instrument rating;".

15. The substitution of the following for all the words after the word "ratings" in paragraph (2) of regulation 10. 16:

2. Voeg die volgende aan die end van paragraaf (b) van regulasie 2. 8 by:—

„en dat die hele vrag of al die bagasie in die lugvaartuig behoorlik gestu en vasgemaak is;".

3. Vervang die woorde „die voorgeskrewe veiligheidsgordels of -tuig" in regulasie 2. 15 deur die woord „veiligheidstuig" en voeg die woorde „of -tuig" in na die woord „veiligheidsgordels" waar dit vir die tweede keer in daardie regulasie voorkom.

4. Voeg die woorde „behalwe soos in paragraaf (a) of (b) van regulasie 2. 1 bepaal", in na die woord „wat" in regulasie 3. 2.

5. Skrap die voorbehoudsbepaling van regulasie 3. 10.

6. Voeg die woorde „en wat onder een of meer van dié kategorieë gebruik word" in na die woorde „geklassifiseer is" waar dit vir die eerste keer in paragraaf (1) van regulasie 9. 3 voorkom.

7. Vervang die woord „confromity" in subparagraaf (a) van paragraaf (1) van regulasie 9. 6 van die Engelse teks deur die woord „conformity".

8. Voeg die volgende aan die end van subparagraaf (b) van paragraaf (1) van regulasie 9. 6 by:

„of deur 'n vliegtuigonderhoudsingenieur met 'n toepaslike lisensie ooreenkomstig kategorie X.".

9. Vervang die woord „en" in subparagraaf (c) van paragraaf (1) van regulasie 9. 6 deur die woord „of".

10. Vervang die woord „confromity" in die Engelse teks van subparagraaf (c) van paragraaf (1) van regulasie 9. 6 deur die woord „conformity" en voeg die woorde „of wat deur die Kommissaris van Burgerlugvaart vir gebruik goedgekeur is" aan die end van die Afrikaanse teks van daardie subparagraaf by.

11. Voeg die woorde „of deur 'n vliegtuigonderhoudsingenieur met 'n toepaslike lisensie ooreenkomstig kategorie X" in na die woord „handelsvlieërlisensie" in paragraaf (3) van regulasie 9. 6.

12. Vervang regulasie 9. 12 deur die volgende nuwe regulasie:

„PROEFVLUGTE.

9. 12 (1) Met die oog op die uitreiking of geldigmaking of hernuwing van 'n lugwaardigheidsertifikaat, of nadat 'n groot verandering aan 'n lugvaartuig aangebring is, moet proefvlugte, indien dit deur die Kommissaris van Burgerlugvaart vereis word, onder die voorwaardes wat hy oplê en op die wyse wat hy voorskryf, in dié lugvaartuig uitgevoer word.

(2) Behalwe met die goedkeuring van die Kommissaris van Burgerlugvaart, mag geen passasiers, goedere of pos gedurende proefvlugte in 'n lugvaartuig om beloning vervoer word nie.".

13. Voeg die volgende nuwe subparagraaf na subparagraaf (d) van paragraaf (1) van regulasie 10. 15 in:

„(e) as vlieër van 'n lugvaartuig wat passasiers vervoer, optree nie.

14. Voeg die volgende nuwe subparagraaf na subparagraaf (b) van paragraaf (3) van regulasie 10. 15 in:

„(b) *bis.* indien hy die houer van 'n instrumentvlieggraad is of was, as gesagvoerder van 'n lugvaartuig met 'n bruto gewig van hoogstens 12,500 lb. (5,700 kilogram) in 'n vasgestelde handelslugvervoerdiens binne die Unie optree: Met dien verstande dat hy nie die voorreg onder IFR-toestande of by nag uitoefen nie, tensy hy die houer van 'n geldige instrumentvlieggraad is;".

15. Vervang al die woorde na die woord „tipegrade" in paragraaf (2) van regulasie 10. 16 deur die volgende:

"on aircraft up to 3,500 lb. (1,590 kilograms) if he is the holder of the relative rating but he shall not, except as provided in sub-paragraph (a) of paragraph B. 1. 8 (1) of Appendix B. 1, be permitted to sign other certificates of competency.".

16. The deletion of the word "is" after the word "word" where the latter occurs for the second time in the Afrikaans text of paragraph (1) of regulation 22. 1 and the deletion of the word "is" after the word "word" in sub-paragraph (c) of that paragraph.

17. The addition of the following at the end of regulation 22. 7:

"and bulk stores of pyrotechnics and fuel or other inflammable matter shall not be stored together.".

18. The addition of the word "and" at the end of paragraph (1) of regulation 22. 8 and the deletion of sub-paragraph (2) of that regulation.

19. The substitution of the following for paragraph (10) of regulation 22. 11:

"(10) such reports on the conditions of the aerodrome as may be called for from time by the Commissioner for Civil Aviation are submitted to the Commissioner for Civil Aviation.".

20. The addition of the following proviso at the end of paragraph (3) of regulation 22. 14:

"Provided that any runway marking may be dispensed with at the discretion of the Commissioner for Civil Aviation if he is satisfied that owing to the colour or nature of the surrounding terrain the limits of the runway concerned are readily discernible.".

21. The insertion of the following new sub-paragraph after sub-paragraph (b) of paragraph (6) of regulation 22. 16:

"(c) No building, structure or other obstruction which will project above the approach, transitional or horizontal surfaces prescribed by Appendix L. 4 shall, without the prior approval of the Commissioner for Civil Aviation, be erected or allowed to come into existence.".

22. The substitution of the number "28. 1 (3)" for the number "28. 1 (5)" and of the word "six" for the word "twelve" in regulation 28. 2 and the deletion of all the words after the word "therein" in that regulation.

23. The insertion of the following new Annexure after Annexure A. 4:

„ten opsigte van lugvaartuie van hoogstens 3,500 lb. (1,590 kilogram) onderteken, as hy die houer van die betrokke graad is, maar hy mag nie, behalwe soos in subparagraaf (a) van paragraaf B. 1. 8 (1) van Byvoegsel B. 1 bepaal, ander bevoegdheidsertifikate onderteken nie.".

16. Skrap die woord „is" na die woord „word" waar laasgenoemde vir die tweede keer in paragraaf (1) van regulasie 22. 1 voorkom en skrap die woord „is" na die woord „word" in subparagraaf (c) van daardie paragraaf.

17. Voeg die volgende aan die end van regulasie 22. 7 by:

„en groot ligkoeëlvoorrade en brandstof of ander ontvlambare stowwe moet nie saam geberg word nie.".

18. Voeg die woord „en" aan die end van paragraaf (1) van regulasie 22. 8 by en skrap subparagraaf (2) van daardie regulasie.

19. Vervang paragraaf (10) van regulasie 22. 11 deur die volgende:

„(10) dié verslae oor die toestand van die vliegveld wat die Kommissaris van Burgerlugvaart van tyd tot tyd verlang, by die Kommissaris van Burgerlugvaart ingedien word.".

20. Voeg die volgende voorbehoudsbepaling aan die end van paragraaf (3) van regulasie 22. 14 by:

„Met dien verstande dat enigeen van die rybaanmerke na goeddunke van die Kommissaris van Burgerlugvaart weggelaat kan word as hy daarvan oortuig is dat die grense van die betrokke rybaan as gevolg van die kleur of aard van die omliggende terrein duidelik sigbaar is.".

21. Voeg die volgende nuwe subparagraaf na subparagraaf (b) van paragraaf (6) van regulasie 22. 16 in:

„(c) Geen gebou, bouwerk of ander hindernis wat bokant die binnesweef-, oorgangs- of horisontale vlakke wat in Byvoegsel L. 4 voorgeskryf word, sal uitsteek, moet sonder die voorafgaande goedkeuring van die Kommissaris van Burgerlugvaart opgerig word of toegelaat word om te ontstaan nie.".

22. Vervang die nommer „28. 1 (5)" deur die nommer „28. 1 (3)" en die woord „twaalf" deur die woord „ses" in regulasie 28. 2 en skrap al die woorde na die woord „word" waar dit vir die derde keer in daardie regulasie voorkom.

23. Voeg die volgende nuwe aanhangsel na aanhangsel A. 4 in:—

"Annexure A. 5 of Appendix A.
Aanhangsel A. 5 van Byvoegsel A.

No. ..............................................
..............................................

Ref. / Verw. ..............................................

UNION OF SOUTH AFRICA / UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTMENT OF TRANSPORT. / DEPARTEMENT VAN VERVOER.

DIVISION OF CIVIL AVIATION. / AFDELING BURGERLUGVAART.

CERTIFICATE OF AIRWORTHINESS. / LUGWAARDIGHEIDSERTIFIKAAT.

1. Nationality and Registration Marks.
Nasionaliteits- en Inskrywingskenmerk.

ZS —

2. Manufacturer and Manufacturer's Designation of Aircraft.
Vervaardiger en vervaardigersnaam van lugvaartuig.

3. Aircraft Serial No.
Lugvaartuig se Reeksnommer.

4. Categories. / Kategorieë

5. This Certificate of Airworthiness is issued, pursuant to the Convention on International Civil Aviation dated 7th December, 1944, and the Aviation Act, 1923, (Act No. 16 of 1923), as amended, and the Air Navigation Regulations, 1950, as amended, in respect of the abovementioned aircraft which is considered to be airworthy when maintained and operated in accordance with the foregoing and the pertinent Approved Maintenance Schedule and Flight Manual.
Hierdie Lugwaardigheidsertifikaat word ooreenkomstig die Konvensie insake Internasionale Burgerlugvaart van 7 Desember 1944, die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, en die Lugvaartregulasies, 1950, soos gewysig, uitgereik ten opsigte van bogenoemde lugvaartuig wat as lugwaardig beskou word solank dit ooreenkomstig bostaande en die toepaslike goedgekeurde onderhoudstabel en vlieghandboek onderhou en gebruik word.

Date of issue
Datum van uitreiking ..................................................

Signature
Handtekening ..................................................
Commissioner for Civil Aviation.
Kommissaris van Burgerlugvaart.

6. Periods of Validity. / Geldigheidstermyn.

| From. / Van. | To. / Tot. | Signature / Handtekening. |
|---|---|---|
| | | ." |

24. The addition of the following proviso at the end of Note 1 to paragraph B. 1. 2 (1) of Appendix B. 1:

"Provided that sequence 27 may be completed separately and if it is so completed and is found to be below the required standard that sequence shall be retaken after an interval of not less than three days.".

25. The insertion of the following new paragraph after paragraph B. 1. 2 (1) of Appendix B. 1:

"(1) *bis*. An applicant who has qualified as a pilot in the South African Air Force or in the Air Force of a country which is a member of the Commonwealth may be exempted by the Commissioner for Civil Aviation from all the examinations and tests prescribed in paragraph B. 1. 2 (1) except those prescribed in sub-paragraphs (a) and (c) (i), respectively, of that paragraph.".

26. The substitution of the words "of which not more than four hours may be dual instruction" for the words "as pilot-in-command" in sub-paragraph (i) of paragraph B. 1. 2 (2) (b) of Appendix B. 1.

27. The substitution of the following for sub-paragraph (i) of paragraph B. 1. 3 (1) (c) of Appendix B. 1:—

"(i) sequences 1 to 17 and 19 to 23 of the flight instruction syllabus and shall demonstrate to the official examiner his ability to perform both normal and emergency manoeuvres, appropriate to the category and class of the aircraft used in the test, with a degree of competency appropriate to that of a commercial pilot;".

28. The insertion of the following new paragraph after paragraph B. 1. 3 (1) of Appendix B. 1:

"(1) *bis*. An applicant who has qualified as a pilot in the South African Air Force or in the Air Force of a country which is a member of the Commonwealth may be exempted by the Commissioner for Civil Aviation from all the examinations and tests prescribed in paragraph B. 1. 3 (1) except those prescribed in sub-paragraphs (a) and (c) (i), respectively, of that paragraph.".

29. The addition of the following new proviso at the end of sub-paragraph (c) of paragraph B. 1. 4 (1) of Appendix B. 1:

"Provided that the Commissioner for Civil Aviation may exempt from any part of the written examination an applicant who has qualified as a pilot in the South African Air Force or in the Air Force of a country which is a member of the Commonwealth and who has produced proof that he has satisfactorily completed a comparable examination in the subject in respect of which he seeks exemption;".

24. Voeg die volgende voorbehoudsbepaling aan die end van opmerking 1 van paragraaf B. 1. 2 (1) van Byvoegsel B. 1 by:

„Met dien verstande dat reeks 27 afsonderlik uitgevoer kan word en, indien dit aldus uitgevoer word en daar gevind word dat dit nie aan die vereiste standaard voldoen nie, moet dié reeks na 'n tydperk van minstens 3 dae weer afgeneem word.".

25. Voeg die volgende nuwe paragraaf na paragraaf B. 1. 2 (1) van Byvoegsel B. 1 in:

„(1) *bis*. 'n Applikant wat in die Suid-Afrikaanse Lugmag of in die Lugmag van 'n land wat 'n lid van die Gemenebes is, as vlieër gekwalifiseer het, kan deur die Kommissaris van Burgerlugvaart vrygestel word van al die eksamens en toetse wat in paragraaf B. 1. 2 (1) voorgeskryf word, behalwe dié wat onderskeidelik in subparagrawe (a) en (c) (i) van daardie paragraaf voorgeskryf word.".

26. Vervang die woorde „as gesagvoerder" in subparagraaf (i) van paragraaf B. 1. 2 (2) (b) van Byvoegsel B. 1 deur die woorde „waarvan hoogstens vier uur dubbelstuuronderrig kan wees,".

27. Vervang subparagraaf (i) van paragraaf B. 1. 3 (1) (c) van Byvoegsel B. 1 deur die volgende:—

„(i) reekse 1 tot 17 en 19 tot 23 van die vliegonderrigleerplan en moet aan die amptelike eksaminator bewys lewer van sy vermoë om sowel normale as noodmaneuvers wat pas by die kategorie en klas lugvaartuig wat in die toets gebruik word, met 'n mate van bevoegdheid wat van 'n handelsvlieër verwag kan word, uit te voer;".

28. Voeg die volgende nuwe paragraaf na paragraaf B. 1. 3 (1) van Byvoegsel B. 1 in:

„(1) *bis*. 'n Applikant wat in die Suid-Afrikaanse Lugmag of in die Lugmag van 'n land wat 'n lid van die Gemenebes is, as vlieër gekwalifiseer het, kan deur die Kommissaris van Burgerlugvaart vrygestel word van alle eksamens en toetse wat in paragraaf B. 1. 3 (1) voorgeskryf word, behalwe dié wat onderskeidelik in subparagrawe (a) en (c) (i) van daardie paragraaf voorgeskryf word.".

29. Voeg die volgende nuwe voorbehoudsbepaling aan die end van subparagraaf (c) van paragraaf B. 1. 4 (1) van Byvoegsel B. 1 by:

„Met dien verstande dat die Kommissaris van Burgerlugvaart vrystelling van enige gedeelte van die skriftelike eksamen kan verleen aan 'n applikant wat in die Suid-Afrikaanse Lugmag of in die Lugmag van 'n land wat 'n lid van die Gemenebes is as vlieër gekwalifiseer het en wat bewys gelewer het dat hy 'n vergelykbare eksamen in die vak ten opsigte waarvan hy vrystelling verlang, bevredigend afgelê het;".

30. The substitution of the following for sub-paragraph (ii) of paragraph B. 1. 4 (1) (d) of Appendix B. 1:

"(ii) have completed not less than seven hundred hours of total flight time, including not less than two hundred hours as the pilot actually manipulating the flight controls of an aircraft and these two hundred hours shall include at least twenty-five hours of night flight and the latter shall include at least ten hours of cross-country night flight;".

31. The addition of the following further proviso at the end of sub-paragraph (c) of paragraph B. 1. 4 (1) of Appendix B. 1:

"and provided further that the Commissioner for Civil Aviation may exempt any applicant who has qualified as a pilot in the South African Air Force or in the Air Force of a country which is a member of the Commonwealth from any or all of the tests specified in (i) to (viii) above.".

32. The insertion of the following new sub-paragraph after sub-paragraph (iv) of paragraph B. 1. 5 (1) (d) of Appendix B. 1:

"(v) five hundred hours in commercial air transportation as pilot-in-command or as co-pilot;".

33. The substitution of the following for sub-paragraph (a) of paragraph B. 1. 8 (1) of Appendix B. 1:

"(a) if the rating sought is not higher than 3,500 lb. (1,590 kilograms), undergo a practical flying test to the satisfaction of a Grade I or Grade II or Grade III rated flight instructor, who shall hold the relevant type rating, consisting of three full-load landings which shall include landing with one engine inoperative if the rating sought is for a multi-engine aircraft and any other exercise which may be considered necessary in view of the applicant's previous experience and he shall also complete three light-load landings to the satisfaction of the instructor. Any practical test shall where the design of the aircraft permits be conducted with the instructor at the dual controls.

NOTE:— If the applicant's experience is limited in respect of types of aircraft previously flown, the instructor shall include in the test spinning (if applicable to the aircraft), simulated forced landing and landing without the use of flaps. The instructor shall demand a high standard of vital action drill;".

34. The insertion after the number "B. 1. 8 (1) (a)" of the words "to the satisfaction of a Grade I or Grade II rated flight instructor who shall hold the relevant type rating" in sub-paragraph (a) of paragraph B. 1. 8 (2) of Appendix B. 1.

35. The substitution of the word "ratings" for the word "rating" in the English text of sub-paragraph (a) of paragraph B. 1. 8 (3) of Appendix B. 1 and the substitution of the expression "B. 1. 8 (1) (a) to the satisfaction of a Grade I or Grade II rated flight instructor who shall hold the relevant type rating" for the number "B. 1. 8 (1) (c)" in sub-paragraph (a) of paragraph B. 1. 8 (3) of Appendix B. 1.

36. The substitution of the words "execute, in the particular type of aircraft for which the rating is sought and to the satisfaction of a Grade I or Grade II rated flight instructor who shall hold the relevant type rating and be an authorised person," for the words "the applicant shall, in the particular type of aircraft for which the rating is sought, execute" in sub-paragraph (b) of paragraph B. 1. 8 (3) of Appendix B. 1 and the substitution of the words "person conducting the test" for the word "examiner" in the Note to that sub-paragraph.

37. The substitution of the following for sub-paragraph (ii) of paragraph B. 1. 8 (3) (d) of Appendix B. 1:

(ii) a certificate signed by the person conducting the test in terms of paragraph B. 1. 8 (3) (b).".

30. Vervang subparagraaf (ii) van paragraaf B. 1. 4 (1) (d) van Byvoegsel B. 1 deur die volgende:

„(ii) minstens sewehonderd vliegure in totaal voltooi het, met inbegrip van minstens tweehonderd uur as die vlieër wat werklik die stuurmiddels van 'n lugvaartuig bedien en hierdie tweehonderd uur moet minstens vyf-en-twintig nagvliegure insluit en laasgenoemde moet minstens tien uur oorlandse nagvlug insluit;".

31. Voeg die volgende verdere voorbehoudsbepaling aan die end van subparagraaf (c) van paragraaf B. 1. 4 (1) van Byvoegsel B. 1 by:

„en met dien verstande verder dat die Kommissaris van Burgerlugvaart aan enige applikant wat in die Suid-Afrikaanse Lugmag of in die Lugmag van 'n land wat 'n lid van die Gemenebes is, as vlieër gekwalifiseer het, vrystelling van enigeen van of al die toetse wat in (i) tot (viii) hierbo gespesifiseer is, kan verleen.".

32. Voeg die volgende nuwe subparagraaf in na subparagraaf (iv) van paragraaf B. 1. 5 (1) (d) van Byvoegsel B. 1:—

„(v) vyfhonderd uur in handelslugvervoerdiens as gesagvoerder of as mede-bestuurder;".

33. Vervang subparagraaf (a) van paragraaf B. 1. 8 (1) van Byvoegsel B. 1 deur die volgende:

„(a) as die graad vir 'n lugvaartuig met 'n gewig van hoogstens 3,500 lb. (1,590 kilogram) verlang word, 'n praktiese vliegtoets tot die bevrediging van 'n vlieginstrukteur, graad I of graad II of graad III wat die toepaslike tipegraad moet besit, uitvoer, wat bestaan uit drie landings met volle lading, met inbegrip van 'n landing met een motor buite werking, as die graad vir 'n meermotorige lugvaartuig verlang word, en enige ander oefening wat met die oog op die applikant se vorige ondervinding nodig geag word, en hy moet ook drie landings met ligte lading tot die bevrediging van die instrukteur uitvoer. Waar die ontwerp van die lugvaartuig dit toelaat, moet praktiese toetse met die instrukteur aan die dubbelstuur uitgevoer word.

OPMERKINGS: As die applikant se ondervinding beperk is ten opsigte van die tipes lugvaartuie wat voorheen bestuur is, moet die instrukteur tolvlieëry (as dit op die lugvaartuig van toepassing is), skynnoodlandings en 'n landing sonder die gebruik van die klappe by die toetsvlug insluit. Die instrukteur moet 'n hoë bedrewenheid in noodhandelinge eis;".

34. Voeg die woorde „tot die bevrediging van 'n vlieginstrukteur, graad I of graad II, wat die toepaslike tipegraad moet besit" in na die woord „gespesifiseer" in subparagraaf (a) van paragraaf B. 1. 8 (2) van Byvoegsel B. 1.

35. Vervang die woord „rating" deur die woord „ratings" in die Engelse teks van subparagraaf (a) van paragraaf B. 1. 8 (3) van Byvoegsel B. 1 en vervang die woorde „B. 1. 8 (1) (c) gespesifiseer" in subparagraaf (a) van paragraaf B. 1. 8 (3) van Byvoegsel B. 1 deur die woorde „B. 1. 8 (1) (a) gespesifiseer tot die bevrediging van 'n vlieginstrukteur, graad I of graad II, wat die toepaslike tipegraad moet besit".

36. Vervang die woorde „in die bepaalde tipe lugvaartuig waarvoor die graad verlang word" in subparagraaf (b) van paragraaf B. 1. 8 (3) van Byvoegsel B. 1 deur die woorde „in die bepaalde tipe lugvaartuig waarvoor die graad verlang word en tot die bevrediging van 'n vlieginstrukteur, graad I of graad II, wat die toepaslike tipegraad moet besit en 'n gemagtigde persoon moet wees," en vervang die woord „eksaminator" in die opmerking van daardie subparagraaf deur die woorde „persoon wat die toets afneem".

37. Vervang subparagraaf (ii) van paragraaf B. 1. 8 (3) (d) van Byvoegsel B. 1 deur die volgende:

„(ii) 'n sertifikaat onderteken deur die persoon wat die toets ooreenkomstig paragraaf B. 1. 8 (3) (b) afneem.".

38. The substitution of the number "B. 1. 8 (1) (c)" for the number "B. 1. 8 (c)" in the English text of Note 1 to paragraph B. 1. 8 (3) of Appendix B. 1 and the deletion of Note 3 to that paragraph.

39. The insertion of the following new sub-paragraph after sub-paragraph (4) of paragraph B. 1. 10 of Appendix B. 1:

"(5) The holder of a flight instructor rating in the South African Air Force or in the Air Force of a country which is a member of the Commonwealth may be granted a comparable flight instructor rating under these regulations by the Commissioner for Civil Aviation but initially no rating higher than Grade II shall be so granted.".

40. The substitution of the words "date of the written examination" for the word "application" in sub-paragraph (c) of paragraph B. 1. 16 (1) of Appendix B. 1.

41. The substitution of the word "operated" for the word "classified" where it occurs in sub-paragraphs (d), (e), (i) and (m) of paragraph F. 2 (1) of Appendix F. 2 and in sub-paragraph (d) and (h) of paragraph F. 2 (2) of that Appendix.

42. The substitution of the word "pilot" for the word "pitot" in the English text of sub-paragraph (b) of paragraph F. 2 (1) (e) (xi) of Appendix F. 2.

43. The substitution of the following for sub-paragraphs (i) and (ii) of paragraph F. 2 (1) (i) of Appendix F. 2:

"(i) under VFR conditions — radio equipment capable of conducting two-way communication for aerodrome control purposes and of receiving meteorological information at any time during the flight;

(ii) under IFR conditions — radio equipment capable of conducting two-way communication for aerodrome control purposes, of receiving meteorological information at any time during flight and of conducting two-way communication with at least one aeronautical station at any time during flight;".

38. Vervang die nommer „B. 1. 8 (c)" in die Engelse teks van Opmerking 1 van paragraaf B. 1. 8 (3) van Byvoegsel B. 1 deur die nommer „B. 1. 8 (1) (c)" en skrap Opmerking 3 van daardie paragraaf.

39. Voeg die volgende nuwe subparagraaf in na subparagraaf (4) van paragraaf B. 1. 10 van Byvoegsel B. 1:

„(5) aan die houer van 'n vlieginstrukteursgraad in die Suid-Afrikaanse Lugmag of in die Lugmag van 'n land wat lid van die Gemenebes is, kan 'n vergelykbare vlieginstrukteursgraad kragtens hierdie regulasies deur die Kommissaris van Burgerlugvaart verleen word, maar aanvanklik moet geen graad hoër as graad II aldus verleen word nie.".

40. Vervang die woorde „datum van aansoek" in subparagraaf (c) van paragraaf B. 1. 16 (1) van Byvoegsel B. 1 deur die woorde „datum van die skriftelike eksamen".

41. Vervang die woorde „ingedeel is" waar dit in subparagrawe (d), (e), (i) en (m) van paragraaf F. 2 (1) van Byvoegsel F. 2 en in subparagrawe (d) en (h) van paragraaf F. 2 (2) van daardie Byvoegsel voorkom, deur die woorde „gebruik word" en die woord „by" waar dit in bogenoemde paragrawe voor die woorde „die kategorie" of „die kategorieë" voorkom, deur die woord „onder".

42. Vervang die woord „pitot" in die Engelse teks van subparagraaf (b) van paragraaf F. 2 (1) (e) (xi) van Byvoegsel F. 2 deur die woord „pilot".

43. Vervang subparagrawe (i) van (ii) van paragraaf F. 2 (1) (i) van Byvoegsel F. 2 deur die volgende:

„(i) onder VFR-toestande-radio-uitrusting wat vir wedersydse verbinding vir vliegveldverkeersdoeleindes en vir die ontvangs van weerinligting te eniger tyd gedurende die vlug gebruik kan word;

(ii) onder IFR-toestande-radio-uitrusting wat vir wedersydse verbinding vir vliegverkeersdoeleindes vir die ontvangs van weerinligting te eniger tyd gedurende die vlug en vir wedersydse verbinding met minstens een lugvaartstasie te eniger tyd gedurende die vlug gebruik kan word;".

Printed in South West Africa by / Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek